



Fynbos

Kleinmond

Natuurbewaringsvereniging
Nature Conservation Society

No/Nr 177 April 2024

Reg no / nr 005-622 NPO

kleinmondnbv@gmail.com



Foto: Sarie van Rooyen

Twée olifantrobbe in ons kontrei

Onrus en Kleinmond was in Maart skoon op hol toe twee suidelike olifantrobbe hier opdaag. Buffel (foto hierbo), Onrus se rob, was vir meer as 'n maand op die strand.

Hy is dag en nag opgepas. Kleinmond s'n is ongelukkig gepla en was skaars 'n dag lank hier.

Die suidelike olifantrob *Minounga leonina* is die grootste van al die lewende robbe. Die enorme bulle het 'n kort prominente proboskis of "neus" wat net onder die oog uitsteek en oor die bek hang. Die orgaan kan opgeblaas word. In die paarseisoen stel dit hulle in staat om luidkeels te brul om te wys wie is baas.

Hierdie rob bly gewoonlik in die koue antarktiese water, en hulle is vir ongeveer 90% van die tyd binne-in

die water.

Hulle verskyn wel nou en dan langs die Suid-Afrikaanse kus, soms om te verhaar en soms om 'n bietjie te rus. Wanneer hulle verhaar, verloor hulle hul hare en die boonste vellae, en ook 25% van hulle gewig. In daardie tyd gaan hulle nie see toe nie en bly sonder kos. Hulle het ongeveer 'n maand nodig om volledig te verhaar.

Die robbe soek meestal ysvrye strande op eilande in die ysige Antarktika-streek op (onder andere Marion-eiland) om te paar en te teel.

Volwasse bulle kom eerste aan om hulle gebiede af te baken. Die dragtige koeie kom 'n week later aan en die welpies wat die vorige jaar verwek is, word binne nog 'n

Olifantrobbe

week gebore. Die koeie paar twee tot drie weke later.

Die bulle weeg vyf tot ses keer meer as die koeie. Koeie weeg tussen 350 en 900 kg en bulle breek die skaal by ongeveer 3000 kg. Hulle word tot 6 m lank.

Die welpies, wat by geboorte 40 kg weeg, het pik-swart pels wat hulle teen koue beskerm. Hulle word vir so drie weke gesoog, en weeg dan ongeveer 130 kg, terwyl die koei in daardie tyd baie gewig verloor. Koeie gaan terug see toe sodra die welpies gespeen is, en die

welpies bly in 'n groep op land totdat hulle hul eerste pels verloor het. Hulle moet eers leer swem, gewoonlik in getypoele of riviermondings.

Olifantrobbe is van die beste duikers van die see-soogdiere. Hulle kan langer as 20 minute onder water bly en duik tot 1000 m diep. Dit is dieper as enige ander see-soogdier buiten walvisse en dolfyne. Die rekord is 2388 m.

Die facebookblad *Kleinmond Fynbos* se plasing oor die olifantrobbe was baie gewild. Gaan kyk gerus na ***Kleinmond Fynbos*** op facebook.

Die Eko-span getrou op hul pos

Dit lyk asof die reën dikwels besluit om te val juis op die Eko-groep se skoonmaakdae, maar moenie dink 'n bietjie nattigheid sit hierdie entoesiastiese groep mense af nie!

Daar was 85 mense by Maart se skoonmaakdag – 45 Strandlopers met hulle mooi groen hempies, 20 kamers van die VG-kerk wat die gedoente gesien het en kom saamwerk het, en 20 ander volwassenes.

En daardie groep mense sukkel nie om berge (rommel) te versit nie. Doen so voort, julle wonderlike mense!

Carlo Böhmer het onlangs die leisels by Jan Momsen oorgeneem as koördineerder van al die skoonmake



Foto: Jan Momsen

deur die jaar op verskillende plekke in en om Kleinmond.

Die volgende skoonmaak is op 20 April. Gaan val gerus in, al is dit net om net om die Strandloper-tjies se eindelose energie en lewensvreugde te geniet.

Annette Mason

It was with sadness that the Kleinmond Nature Conservation Society (KNCS) learnt of the passing of Annette. We remember her with fondness and gratitude.

She was very much involved with the Kleinmond Nature Conservation Society, serving as secretary from 2009 and as chairperson from 2011 to 2013. In 2009 she entered the society for the mayor's award. When KNCS emerged as a co-winner, she said that the prize money was very useful, but that her main aim was to make the society known to the residents of Kleinmond. She wanted, in her own words:

"... to encourage an interest in the place in which they live, a place unique in South Africa and the world. Within the Kleinmond Municipal area, we have a greater variety of indigenous plant species than in the entire United States."

With the prize money a fund was established to expose children to our unique environment. This group eventually grew from 7 to 70.

Annette always stressed the role KNCS played in conservation efforts such as its role in eradicating invaders and planting indigenous trees as well as its role in opposing the construction of a reservoir in an area that is now part of the Kogelberg Biosphere.

Annette moved to Kleinmond because of its beautiful environment, and she wanted to make it accessible to everyone. To that end she was part of the team that established and maintained our hiking trails, and also supplied a map for those trails.

Her wish for the entire Kleinmond to join KNCS and work together to preserve the environment was not fulfilled. But what she did achieve was to inspire people who loved the environment to become involved and achieve great conservation victories.

We honour her for the role she played in keeping Kleinmond beautiful for those who come after her.

Rare visitor at Arabella

– Carin Malan

For those who know where to look, Kleinmond is always full of surprises. And on a Sunday in February the bird watchers were excited to see a visitor seldom seen in the Western Cape.

A late afternoon call on a Sunday in February from Riel Franzen, a resident at Arabella, resulted in a quick dash to the Lily Pond on Arabella Estate. Riel was waiting, very excited to show me what he had found.

The light was bright enough for us to see the spectacular purple and green coloration, red bill and feet, pale green forehead shield and white undertail of the Allen's gallinule (kleinkoningriethaan), a rare visitor to the Western Cape.

This shy bird is normally found much further north in sub-Saharan Africa in freshwater wetlands with thick vegetation, especially water lilies. Our bird regularly disappeared into the reeds on the far side of the pond, only to come out after about 10 minutes. The apple green shield on the forehead indicated that it was a female bird. Breeding males have a blue frontal shield. Juveniles are pale brown.

Congratulations to the Arabella Fauna and Flora



Image: Carin Malan

Committee and the Landscaping teams! Ten years ago the Lily Pond was a sterile clay dam, but it has been turned into an aesthetic asset as well as a haven for birds such as the beautiful gallinule and other aquatic wildlife.

References

Hockey, PAR, Dean, WRJ & Ryan, PG. 2005. *Roberts Birds of Southern Africa*. Seventh Edition. The Trustees of the John Voelcker Bird Book Fund, Cape Town.

Ons kusreservaat 'n Ware planteparadys

Kleinmond se kusreservaat is in 1976 deur die destydse burgemeester, maj JFC Prins, geproklameer en is vandag nog een van min kusreservate binne dorpsgebied langs die Suid-Kaapse kus.

Wat meer is, enige een kan dit gratis en verniet geniet.

Die gedeelte wat in 1976 geproklameer is, strek van die hoofstrand al langs Kusweg tot anderkant die hawe en beslaan 55 hektaar. In 1978 is 'n verdere 330 hektaar geproklameer. Dit het die kusgebied tot by Palmietstrand, die gebied aan al twee kante van die Palmietrivier tot by die padbrug en Fairy Glen (wat destyds 'n uitspanning genoem is) en verder tot aan die voet van die Drie Susters beslaan.

Mnr Peter Slingsby is aangestel as eerste natuurbewaringsbeampte vir Kleinmond.

Mnr KH Cooper, direkteur van die natuurlewe-vereniging van Suidelike Afrika, het destyds geskryf:

"U plaaslike reservaat is inderdaad 'n ware planteparadys wat eenvoudig skouspelagtig is wat uitsig, blommerykdom en verskeidenheid betref. Ek weet van geen mooier munisipale natuurreservaat nie en glo my, ek het baie gesien. Wat u reservaat so belangrik maak, is dit feit dat dit van onder teenaan die see tot bo in die berg strek, en gevolglik pragtige stukke kusfynbos sowel as rivier- en bergplantegroei insluit."

Sy woorde is steeds waar. Verskeie spesies van skaars en bedreigde kusfynbosplante vind hier 'n tuiste.

Daar is stappaadjies oor bykans die hele lengte van die reservaat. Dit word in stand gehou deur OM en verskeie vrywilligers. KNBV speel hier 'n groot rol.

More than 450 hectares cleared of invasive species.

A work team consisting of local men and women trained and contracted by the Kogelberg Biosphere and funded by WWF has been moving mountains since they started in December to assist with invasive species control.

They worked under the supervision of the hacking group of the Kleinmond Nature Conservation Society in the Nature Reserve around Kleinmond.

From 4 to 22 December 2023 404 hectares on the west bank of the Palmiet River estuary and 19 hectares on the east bank were cleared of invasive plants.

The team resumed early in 2024 and from 9 to 12 January they cut and treated invaders in an area of 11.5 hectares above Proteadorp. From 15 to 26 January the persistent stands of invaders (mostly Port Jackson) around the golf course were tackled and removed (8.5 hectares). Work was also done on invaders on the strips north and south of the R44 at Heuningkloof (2.56 and 1.66 hectares respectively).

From 29 January to 2 February the team did significant work around the Palmiet Caravan Park in the area between the park and the beach and between the park and the lagoon (5.21 hectares). The work concluded with a second visit to the east bank of the Palmiet River near the bridge.

In total 452.32 hectares were cleared of invaders. Follow-up work will now be done by the hacking group of the Kleinmond Nature Conservation Society.

The species cleared by the team include long-leaved wattle, Port Jackson, Australian myrtle, rooikrans, hakea and pine trees. They are all invaders that pose a significant threat to the exceptional fynbos habitat around Kleinmond.

The team is currently working elsewhere in the area but will return to Kleinmond later for work that needs to be done in the coastal reserve.



Image: Thinus Jonker

***Fynbos* is die nuusbrieff van die Kleinmond Natuurbewaringsvereniging**

Saamgestel deur die redaksionele komitee

Artikels, behalwe herdrukke uit ander bronne, mag sonder verlof herdruk of aangehaal word, mits die bron, *Fynbos*, erken word. Die menings van die artikelskrywers is nie noodwendig die opinie van KNBV nie.

***Fynbos* is the newsletter of the Kleinmond Nature Conservation Society**

Compiled by the editorial committee.

Articles, except reprints from other sources, may be reprinted or cited without permission provided the source, *Fynbos*, is acknowledged. The opinions of the authors are not necessarily those of KNCS.

Kontakbesonderhede:

Voorsitter: Carl Swart (cjswart2349@gmail.com)

Redakteur: Thea Brink (brinkthea@gmail.com)

Fynbos treasures

in the coastal reserve

The short trail from DF Malherbe Street to Palmiet Beach always has some interesting discoveries for those who can tear their eyes away from the rocks, the sea, seabirds and the occasional whale.

Interesting because you can see coastal fynbos, wet-land fynbos and even riverine fynbos there. Even more interesting because you may just come upon a creeping swamp monster on your walk along the plankies-pad.

The bright pink flowers of the sea rose (*Orphium frutescens*) are always a joyful sight – they seem to thrive on rocky soil and in salty sea spray. And last year they were seen flowering profusely while standing in pools of water.

In spring you are sure to see the NEAR THREATENED blushing mountain carnation (*Lachnia densiflora*) and two VULNERABLE Cape hyacinths, *Lachenalia salteri* and *Lachenalia peersii*. *L. peersii* only occurs in coastal wetlands between Hangklip and Hermanus.

The spectacular mealy heath (*Erica patersonii*) is only found in a few areas, and this bit of coastal reserve is one of them. They flower in winter next to the plankies-pad as well as in the wetland next to the road to the Palmiet caravan park.

And in autumn we get to see *Erica capillaris*, a compact shrublet with small white to pale pink bell-shaped flowers with exserted anthers, on the right of the road to the caravan park.

Erepsia steytlerae, a bright pink vygie, is ENDANGERED. It is an extremely localized habitat specialist, and currently known from a mere two small subpopulations, one near Betty's Bay and one near Kleinmond's plankiespad. Erepsias are dependent on fire for regeneration and this species was recently seen here for the first time in more than 70 years after a fire in the area.

The small white skaapvygie (*Delosperma guthriei*) is such a common sight in autumn all along the coastal trail that we forget that its conservation status is ENDANGERED and that the Kleinmond reserve is one of the few places where it can grow wherever it finds room among the rocks and on the sand.

And the creeping swamp monster? Well, look for its stunning yellow flowers during winter in wet areas along the plankiespad. *Lampranthus serpens* does creep (it roots at the nodes), does prefer swampy areas (it likes to get its feet wet in shallow pools of slow-moving water), and is maybe not a monster, but definitely unique.



Orphium frutescens



Lachnia densiflora



Lachenalia salteri

Image: Magriet Brink



Erica patersonii



Erica capillaris

Image: Magriet Brink



Erepsia steytlerae

Image: Magriet Brink



Lampranthus serpens Image: Magriet Brink

Duisende indringers val Baie het ontsnap uit dorpstuine

56 670

Dit is die getal uitheemse indringerplante wat die kapgroep van die Kleinmond Natuurbewaringsvereniging in 2023 uitgetrek of gesaag en met plantdoder behandel het.

Die kapgroep bestaan uit tussen 10 en 20 afgetrede mans en vroue wat een oggend 'n maand bymekaar kom om indringers te verwyder. Baie van hulle doen ook tussen-in *ad hoc* kappe wanneer hulle probleemareas raaksien.

Dink vir 'n oomblik hoe sou dit gelyk het as hierdie groep vrywilligers dit nie gedoen het nie. 'n Mens hoef net tot by die omgewing by Rooisand en Arabella te ry om te sien wat gebeur wanneer indringers in vrede gelaat word.

Van die indringers wat verwyder is:

- 28 861 Australiese mirt (*Leptospermum laevigatum*),
- 14 880 Port Jackson (*Acacia Saligna*),
- 4 577 langblaarwattel (*Acacia longifolia*),
- 3 397 swartwattel (*Acacia mearnsii*),
- 3 160 perdebos (*Erigeron sumatrensis*),
- 1 138 hakea (meestal *Hakea sericea*),
- 487 bloekombome en
- 336 dennebome (*Pinus pinaster*).

Die res is versprei tussen 12 ander indringerspesies.

As Kleinmonders deel ons in die voorreg om in die bufferstrook van die Kogelberg Biosfeer te woon. Dit is ons verantwoordelikheid om hierdie skat van fynbosdiversiteit in ons omgewing te bewaar. Indringers is een van die grootste bedreigings vir ons fynbos wat eenvoudig oorneem as dit nie voortdurend beheer word nie.

Nou die ongemaklike realiteit: baie van hierdie gevaarlike indringers groei in tuine in die dorp en hulle saad versprei na die natuurlike omgewing rondom die dorp.

Australiese mirt word dikwels as heinings geplant. Dennebome, bloekombome en swartwattel word in erwe toegelaat omdat hulle skaduwee verskaf.

Toegegee, baie van hierdie spesies is voorheen geplant juis omdat hulle gehard is, vinnig groei en langs die kus aard.

Maar ons weet nou dat dit juis die geharde, vinnig groeiende spesies is wat ook baie vinnig die veld oorneem.

Kom ons doen iets aan die saak terwyl ons kan!



Australiese mirt – een van die grootste bedreigings vir ons fynbos. Dit kom steeds in talle tuine in Kleinmond voor as heiningplant.

Baie van hierdie gevaarlike indringers groei in tuine in die dorp en hulle saad versprei na die natuurlike omgewing rondom die dorp.



Port Jackson. Hierdie indringerplant neem vinnig oor en verdring die fynbos heeltemal as dit nie behoorlik beheer word nie.

Hier is 'n paar dinge wat jy kan doen om ons fynbos te beskerm

- Kyk krities na jou tuin.
- Moenie indringerspesies koop en in jou tuin plant nie.
- Haal indringers uit en vervang met inheemse plante.
- Vra raad by Harold Porter en die Kleinmond Natuurbewaringsvereniging as jy onseker oor jou tuinplante is.
- Gesels met jou bure oor indringerplante. Die meeste mense weet nie wat indringers is en waarom hulle 'n gevaar vir die fynbos is nie.
- Leer jou kinders oor fynbos en oor indringers.
- Kyk na die facebookblad *Kleinmond Fynbos* om te sien watter skat voor ons deur en beskikbaar is vir ons almal om te geniet.
- Neem foto's van indringers wat jy in die veld raakloop, stoor die gps-koördinate en rapporteer dit aan die kaggroep.
- Vra die pdf met die mees algemene indringers aan en stoor dit op jou selfoon.
- Kom sluit aan by die plaaslike kaggroep.
- Sluit aan by die Kleinmond Natuurbewaringsvereniging.

**Stuur jou vrae en kommentaar aan
kleinmondnbv@gmail.com**

**Die Natuurbewaringsvereniging sal op
elke e-pos reageer.**

Ons geliefde plankiespad

Die plankiespad tussen DF Malherbestraat en die Palmietstrand was nog altyd 'n gewilde stapplek.

Die paadjie eindig by twee groot houtkruise wat opgerig is na 'n storm in 1902 waarin 'n Noorweegse boot, die *Gustav Adolf*, hier op die rotse geloop en vergaan het. Kaptien Geruldsen en passasier Perkins is daar begrawe. Die boot was met Australiese hout op pad Europa toe en die kruise is gemaak van die hout op die skip.

Ongelukkig is die dennehout waarvan die plankies van die paadjie gemaak word, nie 'n baie duursame materiaal vir die paadjies nie – dit verweer vinnig in die seelug en word ook dikwels gevandaliseer en gesteel. Om die paadjie in stand te hou, is 'n konstante werk.

KNBV het dus begin om dele van die plankiespad met pasgemaakte betonblokke te vervang. Mense kan die blokke borg en dan 'n teeltjie daarop laat aanbring om hul borgskap aan te dui. Elkeen kan sy eie teeltjie gaan maak by een van die hawe se pottebakkers. En mense wat ons omgewing geniet, is werklik ruimhartig. KNBV kon onlangs weer 100 blokke bestel.

Die paadjie loop deur 'n wintervleiland en is dikwels in die winter onder water. Die paadjie moet dus op plekke gelig word om watervloei te verseker, en hier sal



**'n Pas voltooide deel van die nuwe betonblok-paadjie.
Kyk op die volgende bladsy hoe jy ook een of meer
blokke kan borg.**

plankies nog steeds gebruik word.

Intussen was daar versoeke om 'n paadjie te bou op die stukkie kus tussen die hawe en DF Malherbestraat, die enigste gedeelte waar daar nog nie 'n paadjie is nie. Sodra OM die groen lig gee, sal KNBV ook met hierdie proses begin, aanvanklik deur middel van fondsinsameling.

Laat jou voetspoor Leave your footprint in Kleinmond

Ondersteun ons
wandelroetes

Support our
hiking trails

Borg 'n sementblok vir R130

Sponsor a cement block for R130

Contact/Kontak Karin @ 082 441 8581 / plankiespad@gmail.com

